**Kinders van die Sabbatsee.**
Esta Steyn. 2007 [1995]. Kaapstad:
Tafelberg. 207 pp. ISBN: 978-0-624-04550-2.

"Twee wêrelde ontmoet by die Sabbatsee [...]" (170).

Dit is die middel-1980's op die kusdorpie Nonniesbaai. Hierdie dorpie, en veral die Sabbatstrand, tuiste van Stefus Serdyn en sy aangenome dogter, Lyla, vorm die sentrale punt waar 'n aantal lewens saamkom. Deur die loop van die roman beweeg dié lewens in 'n spiraalvorm al nader totdat hulle hierdie middelpunt bereik.

Hawert Hugo het homself pas losgemaak uit 'n gejaagde stadsbestaan. Die nuus dat hy moet afskeid neem van Stefus, die man wat vir 'n aantal jare sy stiefpa was, bring hom terug by die plek en mense waar hy grootgeword het. Ná Stefus se dood besluit Hawert om hom permanent op Nonniesbaai te vestig. Aanvanklik oefen die dogter van Jack Zwiegelaar, vernaamste besigheidsman van Nonniesbaai, aansienlike mag oor Hawert uit, maar weldra merk hy dat Lyla vir hom meer as slegs die ander grootmaakkind van Stefus geword het. Die ontdekking van hierdie feit en die vraag of Lyla sy liefde sal beantwoord, is een van die aspekte wat die verhaal voortstu.

Maar Jack Zwiegelaar is self besig om 'n nuwe lewe te begin met Christine, die vrou wat hy jare vantevore in die steek gelaat het. En Christine het haar eie redes waarom 'n terugkeer tot die Sabbatstrand genesing kan bring – redes wat ook saamhang met die kruising van die Zwiegelaars se lewens met die wêreld van Lyla en Hawert.

Die leser raak kort voor lank meegesleur in die innerlike sowel as uiterlike intrige van die verhaal. In die gestroopte omgewing van Nonniesbaai raak die karakters gaandeweg eerlik met hulself en met mekaar. Die ander karakters op die dorpie bespoedig hierdie proses en die konsep van eenvoudige goedheid blyk 'n deurlopende tema te wees. Wanneer die verhaalgebeure uitloop op 'n spannende reddingspoging op die Sabbatsee word dié gebeure eweneens 'n demonstrasie van basiese medemenslikheid in uiterste en minder uiterste omstandighede.

Esta Steyn is onder andere die skryfster van die bekende *Meeulanders* (1996) en was in *Kinders van die Sabbatsee* ewe vernuftig met die uitbeelding van 'n besonderse soort lewe langs die see. Die wêreld van haar roman is een wat tot 'n groot mate nie meer bestaan nie – in ieder geval nie die opvallende onskuld (al is daar ook ongure elemente) en eenvoud daarvan nie. Dalk is dit juis om hierdie rede dat 'n mens jouself vir die duur van hierdie knapgeskrewe verhaal in dié begrenste wêreld kan verloor.

*Kinders van die Sabbatsee* is oorspronklik in 1995 uitgegee.

*Jacomien van Niekerk*
Universiteit van Pretoria, Pretoria

**Chinchilla.**
Nanette van Rooyen. . 2007. Kaapstad, Pretoria: Human & Rousseau. 222 pp.
ISBN: 978-0-7981-4894-8.

Hierdie roman het ontstaan as Nanette van Rooyen se meestersgraad in Skeppende Skryfkuns aan die Universiteit van Kaapstad onder toesig van Etienne van Heerden. Die skryfster is reeds bekroon vir haar kinderboek, *Maaneiers* (1995), en kortverhaalbundel, *Om te vlerk* (2001), en die goed versorgde teks van *Chinchilla* getuig daarvan dat dit nie haar allereerste skryfpoging is nie. Die ruimte en besonderhede van die roman is redelik uniek: 'n chinchilla-telery in die Sutherlandomgewing waar die hoofkarakter, Lea, grootgeword het en waar-



13 Resensies 03.pmd 217 2/18/2008, 5:48 PM